higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1450**(A)**(N19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

SANITASIE EN HUISHOUDING N4

(8060104)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
SANITASIE EN HUISHOUDING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Wat presies is die huishoudingsafdeling in die gasvryheidsbedryf?

A Die span werknemers in beheer van voedsel en drank in 'n organisasie
B Die span werknemers in beheer van gastebetrekkinge in 'n organisasie
C Die span werknemers in beheer van skoonmaakdienste in 'n organisasie
D Die span werknemers in beheer van bestuur in 'n organisasie

1.2 Hoe kan daar in die gasvryheidsbedryf seker gemaak word dat daar aan die verwagtinge vir huishouding voldoen word?

A Vertroue in die werknemers dat alles netjies skoongemaak word.
B Steekproefinspeksie van kamers elke twee weke
C Opnames deur gaste vir beoordeling van die netheid
D Werknemers se terugvoer oor die beoordeling van die netheid

1.3 Watter van die volgende is NIE een van die basiese funksies van huishouding in die gasvryheidsbedryf nie?

A Opmaak van beddens
B Skoonmaak van die badkamers
C Uitgooi van vullis
D Beantwoording van die telefone

1.4 In watter afskeiding van die liggaam is die HIV-virus nie aanwesig nie?

A Semen
B Borsmelk
C Sweet
D Bloed

1.5 Indien iemand met HIV gediagnoseer word is die kanse goed dat hy of sy vigs sal ontwikkel binne ...

A 1 - 2 jaar.
B 4 - 6 jaar.
C 15 - 20 jaar.
D geen spesifieke tyd nie; dit hang af van ouderdom, gesondheids-toestand en lewenstyl.

Kopiereg voorbehou

1.6 BCG-inenting kan die volgende verhoed:

A Cholera
B HIV
C Tuberkulose
D Hepatitis

1.7 Siektes kan met die hulp van ... voorkom word.

A dwelmmiddels
B medisyne
C entstowwe
D hormoonterapie

1.8 Watter item in die kombuis bevat die meeste bakterieë?

A Vadoek
B Kombuisspons
C Skottelgoedwasser
D Opwasbak

1.9 Watter van die volgende word as 'n hoë-aanrakingsarea in ruskamers/toilette beskou?

A Die toilet se handvatsel
B Spieël in die ruskamer
C Die vloer van 'n ruskamer
D Die gedeelte onder die toiletbak

1.10 Wat is die rol van die werkplek se gesondheid- en veiligheids-verteenwoordiger?

A Om werkers se standpunte en belange oor die praktyke van beroeps-gesondheid en -veiligheid (BGV) by die werkgewer te verteenwoordig
B Om die werkplek se BGV-beleid en -praktyke op skrif te stel
C Om te kontroleer of alle werkers aan die werkplek se BGV-beleid en -praktyke voldoen
D Om alle werkers op te lei en beoordeel sover dit hulle kennis van die werkplek se BGV-beleid en -praktyke betref

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Indien die werkplek in 'n noodsituasie ontruim moet word, moet jy seker maak dat jy al jou persoonlike besittings saam neem voordat jy die gebou verlaat.

2.2 Tabak bevat 'n dwelmmiddel wat as nikotien bekend staan.

2.3 Alkohol is 'n stimulant wat 'n mens se stemmings verander.

2.4 Dit is heeltemal in orde as jy eers jou beskonke, bewustelose vriend/kollega in die bed gaan sit en dan terugkeer om die partytjie verder te geniet.

2.5 Sommige bakterieë het 'n stert wat hulle laat beweeg, naamlik die flagellum.

2.6 Binêre splitsing vind plaas wanneer met een bakterie begin en dit dan in twee bakterieselle verdeel word.

2.7 Ten einde die opbou van hardewaterskaal te verhoed, moet jy die oppervlak met 'n suurmiddel skoonmaak.

2.8 Indien 'n kollega 'n brandwond opdoen is dit die beste om botter of Vaseline op die wond te sit aangesien dit die brand daaruit sal trek.

2.9 Jy mag voedsel tot met die vervaldatum vries en dit dan eet.

2.10 Indien slaai, wortels en ander groente in kombuispapier toegedraai en dan in 'n sak in die groentebak van die yskas geplaas word, sal dit vir 'n betreklike lang tyd vars bly.

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

In die prent hier onder word 'n huishoudingsdienswaentjie in 'n hotel getoon. Dit moet altyd volledige voorraad op hê en netjies wees aangesien die publiek dit heeltyd kan sien.

NoemTIEN items wat jy as lid van die huishoudingspersoneel op die waentjie sal plaas alvorens jy op jou rondtes in die oggend of aand gaan.



(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Stel 'n skoonmaakskedule vir 'n bed-en-ontbytonderneming op en sluit die volgende skoonmaakareas en –detail in:

4.1.1	Trappe		(½)
4.1.2	Kombuis		(½)
4.1.3	Eetkamer		(½)
4.1.4	Slaapkamers		(½)
4.1.5	Badkamers en toilette		(½)
4.1.6	Sitkamers en ontvangsarea		(½)
4.1.7	Benoem die mense wat vir elke deel verantwoordelik is.	(6 × ½)	(3)
4.1.8	Dui gereeldheid aan (hoe dikwels skoongemaak).	(6 × ½)	(3)
4.1.9	Skryf die dae van die week neer.	(7 × ½)	(3½)
4.1.10	Dui die skoonmaakmetode vir elke area aan.	(6 × ½)	(3)
4.1.11	Gee 'n toepaslike opskrif vir die skedule.		(½)

4.2 Noem SES eienskappe waaroor 'n goeie huishouer moet beskik om binne die omgewing van 'n hotel suksesvol te kan wees. (6)

4.3 Definieer die term *higiëne*. (2)

4.4 Wanneer die sjef die volgende produkte in ontvangs neem, is dit nodig om streng beheermaatreëls toe te pas. Bespreek elke produk en gee die hanterings- en bergingsmaatreëls vir elkeen.

4.4.1	Ingelegde voedselprodukte		
4.4.2	Vrugte en groente		
4.4.3	Vleis		
4.4.4	Vis		
4.4.5	Hoender		
4.4.6	Eiers		
4.4.7	Oorskietkos	(7 × 2)	(14)

4.5 Bestudeer die prente hier onder. Dit toon al die nodige uniformitems wat 'n sjef daagliks moet dra.

Noem VIER items en dui aan hoe die spesifieke ontwerp daarvan dien as beskerming vir beide die sjef en die voedselbediening gedurende die uitvoering van die betrokke pligte.



(4 × 2) (8)

4.6 Definieer die term *tuberkulose*. (3)

4.7 Noem een siekte wat deur 'n virus veroorsaak word. (1)

[50]

VRAAG 5

5.1 As sjef moet jy gereeld die kos proe om te bepaal of dit 'n goeie smaak en tekstuur het.

Verduidelik in VIER stappe hoe kos op die regte manier geproe moet word. (4)

5.2 Streng plaagbeheermaatreëls is noodsaaklik in die industrie. Gee VYF redes waarom plae of peste beheer moet word, veral by bediening van voedsel. (5)

5.3 Noem die temperatuursone waarby die meeste bakterieë groei en floreer. (1)

5.4 Dui die wetlike verpligtinge aan van sowel die werkgewer en werknemers ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid van 1993. (2 x 3) (6)

5.5 Bestudeer die prent hier onder en bespreek hoe jy in so situasie sal optree.



(4)

5.6 Gee VIER redes waarom ongelukke in die werkplek gebeur. (4)

5.7 Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae.

AANVAARDING VAN 'N NUWE UITDAGING

Die 23-jarige Abby Landy was erg bekommerd dat daar iets met haar fout was toe sy vir die eerste keer in haar lewe begin koorsblare kry het. Die bedrywige regstudent het haar huisdokter gaan sien en haar meegedeel dat sy die afgelope tyd so moeg voel dat sy skaars uit die bed kan kom.

Sy het 'n week gelede haar verhouding met haar vriend verbreek. Abby was bekommerd dat sy moontlik HIV/Vigs kon opgedoen het maar haar dokter het haar vrese probeer besweer, hoewel sy op Abby se aandrang en om veilig te wees 'n skandering vir seksuele gesondheid gedoen het. Abby het geweet dit sluit nie 'n HIV-toets in nie. Hoewel die resultate goed was, het Abby glad nie beter begin voel nie, sy kon skaars op haar voete bly en 'n snaakse uitslag het oor haar liggaam versprei. Sy het na 'n hospitaal daar naby se nooddienstekliniek gegaan, 'n voorskrif vir antihistamien gekry en is huis toe gestuur. Maar sy was steeds nie gerus nie. 'Ek het nog nooit koorsblare gehad nie en het net al sieker en sieker begin voel,' het sy gesê.

Sy het haar voormalige vriend gebel maar instede om haar gerus te stel het hy paniek veroorsaak deur te sê: 'Moenie bekommerd wees nie skattie, nou sal jy my minstens vir altyd onthou!' Sy het haar simptome op Google nageslaan en omdat alles op HIV gedui het, het sy na haar dokter teruggekeer en op 'n toets aangedring. 'Die dokter het gesê ek is 'n goeie Aussie-meisie met 'n lae risiko en dat ek my nie moet bekommer nie. Maar toe die kliniek my bel en vra om dringend in te kom het ek sommer geweet iets is verkeerd. My dokter was skoon aangedaan toe sy sê dat ek HIV het. My eerste gedagte was dat ek nie hiervoor kans gesien het nie,' het sy gesê. Abby het haar studies tydelik gestaak, by haar familie gaan bly en daarop begin fokus om gesond te word. Sy het navorsing oor die virus gedoen en by 'n ondersteuningsgroep vir vroue met dieselfde probleem aangesluit wat kameraadskap, voorligting en begrip aangebied het en het goed begin herstel deur middel van gevorderde behandeling.

'Ek dink dit was die beste ding wat ek kon doen om by die ondersteuningsgroep aan te sluit, want al die vroue wat ek ontmoet het was wonderlik en ek het nie meer soos 'n slagoffer gevoel nie terwyl ek ook besef het dit sal nie help om te kla nie, asook dat ek nie alleen was nie omdat ander vroue dieselfde probleem gehad het,' het sy gesê. Abby het merkwaardig herstel. Sy werk nou voltyds in Sydney as regsassistent en studeer deeltyds vir haar graad in regte. Benewens haar werk, studies en sosiale uitstappies lewer sy ook praatjies oor haar ondervinding om HIV-positief te wees.

'HIV is 'n menslike toestand, dit kan enigeen oorkom en diskrimineer nie. Ons is almal verantwoordelik vir ons eie seksuele gesondheid en moet besef dat almal die siekte kan opdoen, selfs Aussie-heteroseksueles. Deur daaroor te praat voed ons onself en andere op en aanvaar ons dit beter.'

Kopiereg voorbehou

5.7.1 Volgens jou mening, wat is die mees vreesaanjaende en skrikwekkende aspek oor die opdoen van HIV/Vigs? (2)

5.7.2 Noem VYF wyses waarop 'n persoon HIV/Vigs kan opdoen. (5)

5.7.3 Beskryf die VIER stadiums van HIV/Vigs. (4)

5.7.4 Watter raad sal jy aan 'n kollega of vriend gee wat so pas uitgevind het dat hy of sy HIV-positief is? (2)

5.8 Bespreek bakterieë onder die volgende opskrifte:

5.8.1 Verskyning van bakterieë (3)

5.8.2 Soorte bakterieë (2)

5.8.3 Struktuur van die bakterieë (3)

5.8.4 Ekonomiese belangrikheid van bakterieë (2)

5.8.5 Voortplanting van bakterieë (3)

[50]

VRAAG 6

6.1 Noem en bespreek VYF faktore wat die groei van mikro-organismes beïnvloed. (5 x 2) (10)

6.2 Dui DRIE maniere aan waarop mikro-organismes vernietig kan word. (3)

6.3 Wat veroorsaak mikrobiese voedselvergiftiging? (3)

6.4 Noem VIER mikro-organismes wat voedselvergiftiging veroorsaak. (4)

6.5 Gee en verduidelik DRIE kontroles wat ter plaatse gedoen moet word om vas te stel of 'n oppervlak behoorlik skoon is. (3 x 3) (9)

6.6 Mikrobiologiese toetse word ook gebruik om te bepaal of 'n oppervlak skoon is. Gee 'n volledige beskrywing van die gebruik van 'n swabber as 'n metode. (10)

6.7 Dui VYF algemene beginsels van skoonmaakwerk aan. (5)

6.8 Definieer die volgende terme:

6.8.1 Steriliseerder

6.8.2 Skoonmaakmiddel

(2 × 3) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou